

Geboofsfrage: Sabbat en Sondag

Geboofsfrage: Sabbat en Sondag – Adrio König

Sabbat en Sondag

Die viering van Sondag is vir eeue lank al 'n saak waaroor groepe Christene sterk verskil. Daar is die een uiterste van Christene wat op Sondag sal kerk toe gaan maar verder sal doen wat hulle wil, en dan die ander uiterste van Christene wat dink Sondag is 'n Sabbat, en dan soveel as moontlik van die OT se Sabbatswette op die Sondag wil toepas.

Daar is by baie Christene die misverstand dat die Sabbat net in die NT van Saterdag na Sondag verskuif het. Die Sabbat en die Sondag is twee dae met heeltemal verskillende karakter. Die Sabbat is 'n rusdag, 'n dag van niks doen nie; die Sondag is 'n feesdag, 'n dag van aktiewe toewyding.

Ons het nie in die NT enige spesifieke aanduidelings van hoe die Sondag gevier moet word nie. Ons het die voorbeeld van sekere gemeentes wat gereelde byeenkomste gehad het, en ook bepaalde dinge gedoen het (Hand 20:7ev; 1Kor 16:1ev; Open 1:10). Wat ons van hulle Sondagviering weet, het direk in verband gestaan met die opstanding van die Here Jesus (Joh 20:1ev, 19ev, 26ev) en die feit dat hulle die opstanding verstaan het as beslissend vir hulle verlossing (1Kor 15). Hulle het egter sover ons weet, geen van die wette of gebruike van die Sabbat op die Sondag toegepas nie. Trouens ons weet dat sekere Joodse Christene tot in die derde eeu nog sowel die Sabbat as die Sondag gehou het, die een as 'n rusdag, en die ander as 'n feesdag. Daar is nooit in die NT sprake van rus op die Sondag nie. Trouens die base van slawe sou hulle ook nie toegelaat het om nie te werk nie, en ons weet uit ander bronne dat Christene Sondae voor sonop bymekaar gekom het, waarskynlik om dan die res van die dag met hul gewone (slawe-)werk te kan aangaan.

As ons vra na die betekenis van die vierde gebod vir Christene, moet ons dus nie aan die Sondag dink nie, maar eerder aan die hele week. Die rus van die Sabbat word in die NT die rus van ons sonde, en daarvoor is Sondag te min! (Heb 4:9ev) Die vraag of ons die vierde gebod hou, word dus Maandag en Dinsdag beantwoord.

Dit het besondere voordele om 'n spesiale dag te hê waarop ons kan feesvier. Maar dit moet nie beteken dat ons ons godsdiensbeoefening en -uitlewing tot dié dag beperk nie, net dat ons op dié dag besondere voorbereiding en inspirasie kry om die hele week die evangelie te leef en met ander te deel. Dan hou ons die vierde gebod.

Mense wonder dikwels oor verskeie aspekte van die Christelike geloof. Fokus op 300 Geloofsvrae deur prof Adrio König is 'n baie nuttige naslaanwerk wat 'n verduideliking van 300 geloofsvrae bied.

Bybelkennis gaan gereeld gedeeltes uit hierdie bron publiseer. Ons dank aan prof König en Lux Verbi.BM vir hierdie vergunning.

Skrywer: [Prof Adrio König](#)

Geloofsvrae: Die vrou in die

amp

Geloofsvrae: Die vrou in die amp – Adrio König

Die vrou in die amp

Onder 'die vrou in die amp' verstaan ons die toelating van vrouelidmate tot die besondere ampte (predikant, priester, pastoor, ouderling en diaken). Dit is nie 'n eenvoudige saak nie en daar is sterk emosies by betrokke. Dit is nie waar dat die verskil bepaal word deur die feit dat 'n kerk progressief ('liberaal') of konserwatief is nie. Kerke wat as liberaal beskou word, was en is steeds baie terughoudend oor die vrou in die amp (Anglikane), terwyl volkome 'konserwatiewe' kerke, byvoorbeeld in die Heiligheidsbeweging, al vir dekades lank vroue aanvaar het.

Dit lei geen twyfel nie dat sekere uitsprake in die NT (soos 1Kor 14:34ev en 1Tim 2:11ev) ernstige probleme skep vir vroue in 'n leeramp. Maar dit is net die helfte van die waarheid. Die kerke wat haar uit die leeramp weer, laat haar wel toe om in verskillende hoedanighede in die erediens en andersyds in die gemeente op te tree terwyl die genoemde uitsprake duidelik *alle* deelname in gemeentebyeenkomste verbied. Tot vyf keer toe staan in genoemde tekste dat sy in byeenkomste moet stilbly en nie moet praat nie, en daar is geen rede om dit skielik te beperk tot *amptelike, gesagvolle onderrig* nie. En hierdie verbod word ondersteun met die argumente dat Adam eerste gemaak is (en dus skynbaar belangriker as Eva is) en dat Eva, en nie Adam nie, verlei is (1Tim 2:13ev).

Wat die probleem nog moeiliker maak, is die feit dat ons aan die ander kant in dieselfde 1Korintiërbrief lees dat die vrou nie met 'n onbedekte kop mag profeteer of bid nie, wat beteken dat sy dit wel mag doen as sy 'n hoofbedekking of sluier op het (1Kor 11:5).

As 'n mens die leeraktiwiteite van vroue in die vroeë gemeentes hier byvoeg (o.a. Hand 18:26), word dit uiters moeilik om die verskille te harmoniseer. Kon 'n vrou in 'n gemeentebyeenkoms optree of nie?

Intussen is dit nie onmoontlik om die probleem teen 'n kulturele agtergrond te sien nie, en dan te aanvaar dat die negatiewe uitsprake veroorsaak is deur die feit dat dogters en vroue normaalweg net geleer is om huis te hou en kinders groot te maak, en nie dieselfde akademiese en vormende onderrig as seuns en mans ontvang het nie. Hulle was dus normaalweg eenvoudig nie instaat om op die vlak van mans te kommunikeer nie, en moes daarom wag tot hulle tuis vir hul eie mans vrae kon vra.

Omdat ons egter in 'n nuwe situasie leef waarin dogters en vroue presies dieselfde akademiese en professionele onderrig ontvang, en leiding neem op die meeste gebiede in die samelewing, is dit natuurlik uiters frustrerend vir hulle, en verarmend vir die hele gemeente, as hulle skielik nie in die gemeente mag deelneem nie.

Die argumente van 1Timoteus moet op dieselfde vlak hanteer word as die argumente dat slawe aan hulle base onderdanig en getrou moet wees. As 'n mens 'n gegewe situasie regverdig, kan jy argumente gebruik wat later, in 'n nuwe situasie, nie meer oortuigingskrag het nie. In hierdie lig kan daar nie prinsipiële besware wees teen vroue in die besondere ampte nie.

Mense wonder dikwels oor verskeie aspekte van die Christelike geloof. Fokus op 300 Geloofsvrae deur prof Adrio König is 'n baie nuttige naslaanwerk wat 'n verduideliking van 300 geloofsvrae bied.

Bybelkennis gaan gereeld gedeeltes uit hierdie bron publiseer.

Ons dank aan prof König en Lux Verbi.BM vir hierdie vergunning

Skrywer: [Prof Adro König](#)

Geloofsvrae: Die ampte en regering van die kerk

Geloofsvrae: Die ampte en regering van die kerk – Adrio König

Die ampte en die regering van die kerk

In die kerke met 'n Gereformeerde (Presbeteriale) vorm van kerkregering is daar meestal drie besondere ampte (predikant, ouderling, diaken), en dan ook die amp van die gelowige. Die beginsel van hierdie stelsel is dat alle ampte gelyk is en net verskillende verantwoordelikhede in die kerk het. Daar is ander vorme van kerkregering soos die biskoplike (episkopale) stelsel wat 'n hiërargiese stelsel is waar sommige ampte meer gesag as ander het. Die uitgangspunt is die biskop wat die Here in die plaaslike gemeente verteenwoordig. Hy kan in die meeste gevalle alleen besluite neem. In die Katolieke Kerk is daar 'n hele reeks ampte o.a. die priester, biskop, aartsbiskop, en uiteindelik die pous. Hy het gesag oor die hele Katolieke Kerk.

Dit is nie moontlik om die verskillende stelsels uit die Bybel af te lei nie. Verder is daar heelwat vir en teen elke stelsel te sê. Die amp van biskop of predikant of pastoor as 'n voltydse ampsdraer wie se vergoeding ten volle deur die kerk betaal word, kom nie só in die NT voor nie. Die oorheersende

rol wat hierdie ampte in die meeste kerke speel, is ook vreemd aan die NT.

Een groot verskil tussen die presbeteriale en die biskoplike stelsels van kerkregering is die vraag waar die gesag geleë is. By ons is dit in kerkvergaderinge (kerkraad, ring en sinode) geleë omdat alle besondere ampte gelyk is, maar in die biskoplike stelsel is dit in die hoogste amp geleë, uiteindelik in die pous. Die pous delegeer dan sekere magte na onder sodat die biskop byvoorbeeld die gesag in die plaaslike gemeente het.

Hierdie twee vorme van kerkregering het dit in gemeen dat die plaaslike gemeentes in 'n noue verband met mekaar staan en groter projekte dus makliker deur 'n bepaalde kerk onderneem kan word.

Teenoor hierdie twee vorme van kerkregering staan 'n groot verskeidenheid van vorme in die Pinkster- en Charismatiese Kerke en talle ander kerke. In sommige gevalle is daar een enkele persoon wat die mag het, in ander gevalle 'n groep (kerkraad). Veral in die Charismatiese kerke is daar min onderlinge verbondenheid van die onafhanklike kerke, en in baie van hierdie kerke is een persoon se woord wet.

Die sinodale vorm van kerkregering het voor- en nadele. Dit skep 'n sterker band tussen die plaaslike gemeentes sodat daar groter eenvormigheid in die denominasies kan wees en groot projekte aangepak kan word, en dit verminder die moontlikheid dat een persoon die situasie oorheers. Maar dit is in die meeste gevalle baie lomp en langdradig en in sy huidige vorm beswaarlik nog geskik in 'n samelewing waar belangrike besluite dikwels vinnig geneem moet word. Die amp van biskop (en die enkele gesagspersoon in die groot onafhanklike Charismatiese kerke) kan inderdaad vinnige besluite neem, maar dit vestig teveel gesag in een persoon. Die oorheersende rol wat die predikant en die pastoor in baie gevalle in die historiese en Pinksterkerke speel, herinner aan dié van

biskop en het dieselfde voor- en nadele.

Die lofwaardige nadruk op die amp van die gelowige – alle gelowiges het die verantwoordelikheid om die Here in die gemeente en in die wêreld te dien – het nie in die historiese kerke regtig soveel goeie resultate opgelewer nie. Gemeentelede is in die meeste gevalle nie volwasse lidmate wat hulle geloof verstaan en entoesiasties kan `verkoop' nie. Dit is goed moontlik dat die Pinkster- en Baptiste kerke beter daarin geslaag het om hul lidmate daarvoor voor te berei.

Daar is gedurende die laaste aantal dekades heelwat aandag gegee aan die charismatiese struktuur van die plaaslike gemeente. Die kerk van die NT was 'n charismatiese kerk waarin daar nie 'n duidelike onderskeiding was tussen wat ons vandag ken as die ampte en die gawes nie. In die lyste `gawes' word heelwat ingesluit wat ons vandag eerder as ampte sou klassifiseer (o.a. 1Kor 12:28ev en Rom 12:6ev: apostels, profete, leraars, leiding, diens, onderrig gee, hulp verleen). Individuele inisiatiewe is gebiedend noodsaaklik in die lewe van elke gemeente, en denominasies behoort ernstig te kyk na die werkwyse van ander denominasies omdat ons baie van mekaar kan leer.

Mense wonder dikwels oor verskeie aspekte van die Christelike geloof. Fokus op 300 Geloofsvrae deur prof Adrio König is 'n baie nuttige naslaanwerk wat 'n verduideliking van 300 geloofsvrae bied.

Bybelkennis gaan gereeld gedeeltes uit hierdie bron publiseer. Ons dank aan prof König en Lux Verbi.BM vir hierdie vergunning.

Skrywer: [Prof Adrio König](#)

Geloofsvrae: Eienskappe van die kerk: Christelikheid of apostolisiteit

Geloofsvrae: Eienskappe van die kerk: Christelikheid of apostolisiteit – Adrio König

Christelikheid of apostolisiteit

Hierdie twee woorde kom uit twee verskillende belydenisse. Volgens die Apostoliese Geloofsbelydenis bely ons 'een, heilige, algemene, *Christelike* kerk,' maar volgens die belydenis van Nicea 'een, heilige, algemene en *apostoliese* kerk.' Beide begrippe wil sê waar die kerk vandaan kom. Ons kom van *Christus* af, en wel deur die *apostels*.

Ons kom van Christus af. Hy is die hoeksteen van die kerk, die steen waarop alles rus. Sonder Hom sou daar nie 'n Christelike kerk bestaan het nie, en sonder Hom kan die kerk ook nie voortbestaan nie. Ons behoort onself aan Hom te meet as die enigste maatstaf. Luther kon selfs die Bybel aan Hom meet. Volgens hom was net dié dele waarin *Christus* verkondig word, van waarde in die Bybel. Daarom het hy nie veel waarde aan die brief van Jakobus geheg nie. Hy het gemeen Christus en sy verlossingswerk word daarin verwaarloos ten gunste van ons goeie werke. Ons weet vandag dat daar 'n ander manier is om Jakobus se nadruk op die werke te verstaan. Maar Luther behou steeds sy waarde. Dit help ons om te onderskei tussen dit wat nog vir ons geld, en dit wat nie meer gesag vir ons lewe het nie .

Maar waar kry ons ons kennis van Jesus vandaan? Net deur die

getuienis van die apostels wat in die NT opgeneem is. Ons sou nie van Hom geweet het as Hy nie dissipels aangestel en voorberei het om die boodskap oor Hom die wêreld in te dra nie. Daarom bely ons dat die kerk apostolies is, gebou op die getuienis van die apostels wat ons in die NT het. Ons glo hul getuienis omdat Jesus hulle voorberei het om sy boodskap aan die wêreld oor te lewer.

Mense wonder dikwels oor verskeie aspekte van die Christelike geloof. Fokus op 300 Geloofsvrae deur prof Adrio König is 'n baie nuttige naslaanwerk wat 'n verduideliking van 300 geloofsvrae bied.

Bybelkennis gaan gereeld gedeeltes uit hierdie bron publiseer. Ons dank aan prof König en Lux Verbi.BM vir hierdie vergunning.

Skrywer: [Prof Adrio König](#)